Sing vooraf staande: Psalm 121:2 (p. 608)

2 Bedreig gevaar jou reispad ooit – / Hy is dit wat jou voet
vir wankeling behoed. / Hy, Isr'els wagter, sluimer nooit.
Die HEER is jou ontfermer, / jou skadu en beskermer.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 36:2 (p. 179)

2 U goedheid, HEER, is hemelhoog; / u waarheid tot die wolkeboog; / u reg sal nooit begewe,
maar staan soos berge, vas van voet; / u oordeel is 'n diepe vloed; / U sorg vir al wat lewe.
Hoe kost'lik is u guns, o God! / Hoe vlug die mensekinders tot / u vleuels vir beskerming!
Hul smaak die vette van u huis; / U laaf hul uit 'n stroom wat bruis / uit dieptes van ontferming.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet sing ons Psalm 71:2 (p. 353).

Wet

Psalm 71:2 (p. 353)

2 Wees my 'n rotssteen hoog verhewe, / hoog teen 'n bergwand aan, / waar 'k altyd in kan gaan.
U het beveel dat ek sal lewe; / en 'k leef, o grote Ontfermer, / my Toevlug en Beskermer!

Gebed

- ***Doksologie***
- ***Aanbidding***
- ***Skuldbelydenis***

Vergifnis

- ***Dank***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God***
- ***Algemene bede***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens***

Amen.

Psalm 91:8 (p. 462)

8 "Hy roep, en Ek beskerm hom daar, / totdat die nood verby is;
Ek lei hom na die hoogtes waar / 'n eerkrans hom berei is.
Die menseleeftyd, vlug en kort, / verleng Ek uit genade,
sodat hy blye aanskouer word / van al my reddingsdade."

Skriflesing: Lukas 12

Teks: Lukas 12:6, 7

Word vyf mossies nie vir twee stuiwers verkoop nie? En nie een van hulle is voor God vergeet nie. Maar selfs die hare van julle hoof is almal getel. Wees dan nie bevrees nie: julle is meer werd as baie mossies. (Lukas 12:6-7 AFR1953)

As jou verhouding met God reg is, hoef jy in geen opsig onder spanning te lewe nie. Veral nie teenoor mense nie.

- Hierdie gedeelte waaruit ons teksvers kom, is inderdaad 'n preek wat die Here Jesus gelewer het teen mensevrees.
- Die agtergrond is 'n konflik wat ontstaan het tussen die Here en die Fariseërs.

Dit het so gebeur: ’n Fariseër het die Here Jesus vir ete genooi en toe aanstoot geneem omdat die Here nie sy hande gewas het voor die ete nie.

- Die ander mense was ook verbaas, want hulle kon net nie verstaan hoe en waar Jesus die selfvertroue vandaan kry om tussen sulke hoë mense te beweeg en so maklik soveel te waag soos wat Hy doen nie!
- Mens is mos altyd bekommerd oor wat ander van hulle dink of sê.
- Ons staan mos altyd onder die druk wat mense op ons uitoefen ten opsigte van standaarde waaraan ons moet voldoen. Sosiale druk.

Hoe hanteer mens hierdie soort van toestand dat mense jou altyd onder ’n verpligting van die een of die ander aard plaas? Wat moet jy sê of doen? Kyk na die Here Jesus se optrede.

Hierdie mense is ontevrede oor uiterlike sake:

- Die Here Jesus het nie voor ete sy hande gewas nie.
- Dieselfde mense wat so kla, het ook net die buitekante van hulle bekers blink geskuur.

Die Here Jesus se standpunt teenoor hulle was dat die Here nie net die buitekant gemaak het nie, maar ook die binnekant!

- Die beginsel geld nie net van jou eetgerei en jou maniere nie.
- Dit geld ook van jou geloof!

Die oplossing van die hele probleem is dus dat jy slegs doen wat die Here van jou verwag, want Hy moet gevrees word, en nie mense nie.

Die Here se uitspraak is duidelik:

- Sulke mense handhaaf ’n vorm van selfheiliging.
- Daar wag ’n groot skok vir sulke mense, want hulle gaan uitvind dat hulle bedrog pleeg – selfbedrog!
- Hulle bedrieg nie net die Here nie!

Intussen was Jesus al by die man se huis uit, en het daar talle mense saamgedrom. Die Here Jesus het hulle toe begin leer waaroor dit werklik in die lewe gaan.

Dit gaan oor vrees. Die Here preek dat daar twee soorte vrees is:

- Vrees vir mense en
- vrees vir God.

Watter een is die belangrike een? Vrees God, sê Jesus Christus.

Dit val mens op dat die hemel ’n plek van genade en volmaaktheid is, maar dat ons God moet vrees om daar te kom.

- Daar staan nie een keer dat ons die duiwel moet vrees nie.
- Snaaks, want hy is ’n slegte, beginsellose en wrede skepsel.
- Sy blyplek wat bestaan uit angs en pyn!
- Dit is omdat die satan niemand verwerp nie. Almal is welkom – hoe slegter en beginselloser, hoe beter!

God is anders.

- Hy maak nie slegte mense en beginselloses bymekaar soos die duiwel nie.
- Hy soek ook nie mense wat vals en skynheilig is nie.
- Hy verwerp die onheiliges!

Die hele lewe draai in ’n sekere sin rondom die eindoordeel!

Daarom klee die Here Jesus sy preek so prakties in.

- Moenie die aardse dinge vrees nie.
- Moenie besorgd wees oor jou behoeftes nie.
- Moenie vrees hê vir die mense wat jou loop en bedreig nie.
- Moet selfs nie oor jou dood loop en vrees nie.

Hier op die aarde kan geen mens of omstandigheid sy hand op jou siel lê nie. Niemand kan ook jou saligheid bedreig nie.

- Die uiterste wat jy hier kan vrees, is die dood. En dit is geen begrensing vir God nie.
- In Lukas 20 staan dit treffend duidelik dat God oor die lewendes en die dooies mag het.
- Ook dat die wat liggaamlik sterwe, steeds by Hom lewe.

Die kwessie van wat mense sê, word ook verwerp in Jesus se stelling dat geen mens jou oordeel vir regverdig of onregverdig in jou hiernamaalse lewe nie.

- Die Here self – en Hy alleen – oordeel oor jou trou of ontrou.
- Dit staan ook in vers 5 dat Hy selfs na jou aardse dood oor jou mag het.

Daarom is die Here Jesus se woorde so absoluut en beslissend:

- Ek sal jou toon wie julle moet vrees.
- Hy praat hier natuurlik van sy kruisiging en opstanding, want toe het Hy sy mag geopenbaar as God wat gevrees moet word.
- Sekerlik verwys Hy ook na die gebeure rondom die uitstorting van die Heilige Gees, want dit was ook vir dieongelowiges ’n skrikwekkende ervaring!
- Hy – Jesus Christus – is die Een wat gevrees moet word.

Dit is dan teen die agtergrond van die Here Jesus se gesprek met die Fariseërs dat Hy toe vir die mense gesê het dat hulle moet oppas vir geveinsdheid.

- Pasop dat opregtheid en waarheid nie by jou kortkom nie.
- By die Fariseërs het dit daarin na vore gekom dat hulle die buitekante versorg het, maar in die hart was hulle lewe onsuiwer.

Die toepassing raak natuurlik die erns van hierdie saak dat ons lewe mooi en opreg moet wees.

- God vergeet nooit van jou nie, en daarom moet jy eerstens sorg dat jy nie ’n valse lewenshouding voor Hom het nie.
- Verder kan jy in die gerustheid lewe dat as jy voor Hom eerlik en opreg lewe, jy geen mens of sy dwang op jou hoef te vrees nie.
- God word nie begrens soos ’n mens met tyd en allerhande verbygaande standaarde nie. Hy alleen kan jou straf na liggaam en siel.

Daarna begin die Here Jesus om die troos van sy preek aan die mense te verduidelik.

- Om God te vrees, beteken nie om in bewing en angs voor God te staan nie!
- Dit beteken ook dat jy vertroue in God moet hê, want Hy is ’n God van liefde en genade.

Ons moet onthou dat die Here altyd na ons omsien!

- Hy is begaan oor ons welstand! Hy versorg ons tot in die kleinste besonderheid!
- Ons wat die Here vrees, is nooit aan vernietiging blootgestel nie – aan beproewinge en aan stryd, ja, maar nooit aan vernietiging nie.

- Daarom moet ons in ons vrees ook eerlik voor die Here wees, want as ons vals is, weet Hy dit!

Die Here Jesus lig die saak toe met ’n beeld.
- Die Here sorg vir mossies – elkeen van hulle.
- Hoeveel meer sal Hy ons dan nie versorg as ons Hom vrees nie?
- Hy tel tot die hare op ons kop.

Vyf mossies word vir twee stuiwers verkoop.
- Vir ons is dit ’n baie geringe saak – die armste Jode het die mossies gekoop om te eet, sodat hulle darem net ’n vorm van vleis op hulle tafels kon gehad het.
- Die mossies is maar net een van die onbeduidendhede wat langs die gewone mens se lewe verbygegaan het.

Maar vir God is hierdie mossies belangrik, want Hy bepaal tot hulle datum waarop hulle doodgaan: en nie een van hulle val op die aarde sonder die Vader nie! En dan kom die groot troos:

Wees dan nie bevrees nie, julle is meer werd as baie mossies!

Ek en my vrese geniet besondere aandag by die Here.
- Die Here versorg my altyd en beskerm my altyd!
- Ek het dus niks om op hierdie wêreld te vrees nie, solank ek net eerlik teenoor God lewe.

Die Here Jesus Christus het hierdie genade aan ons ook bewys.
- God kon ons almal baie maklik verdelg en vernietig het oor al ons baie sondes, maar Hy doen dit nie!
- Hy beplan dat sy Seun sondevry moet kom lewe, en later moet sterf om almal se sondes te dra.
- Dit staan in ons Nagmaalsformulier geskryf dat God al ons sondes liewer aan die Here Jesus Christus gestraf het, as om dit ongestraf te laat bly.

Maar Christus het terselfdertyd ook bewys dat ons God kan vertrou.
- Hy het die derde dag weer opgestaan uit die dood en aan talle mense verskyn.
- Daarmee het Hy God se mag oor die dood gedemonstreer, sodat ons sonder twyfel sou wees.
- Sien dit teen die agtergrond van ons teksvers: God bepaal tot die dood vir die mossies, en Hy sorg vir elkeen van hulle.
- Kyk nou net hoeveel meer moeite doen Hy vir ons – want ons is meer werd.

Dan kom daar die uitstorting van die Heilige Gees.
- Hy preek juis hierdie krag van God en genade van God aan ons!
- Ons is vir God meer werd as mossies, en as Hy so deeglik vir hulle sorg, hoeveel te meer nie vir ons nie!

Broeders en susters, die gevolg van hierdie preek van die Here Jesus Christus is dat ons nie aan allerhande vrese verkneg moet wees nie. As ons seker is ons doen wat God vra, dan doen ons net dit – ongeag enige dreigement van ’n mens.

Leef in die Here Jesus Christus – dit beteken leef met die wete dat God jou beskerm en dat sy genade ook vir jou liefdevolle versorging voorsien.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 116:1, 4 (p. 569)

1 God het ek lief, want die getroue HEER / hoor na my stem uit vrye welbehae;
ek roep Hom aan in al my lewensdae, / Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.

4 Eenvoudiges wil God steeds gadeslaan. / 'k Was uitgeteerd, maar Hy is vol ontferming.
Soek dan, my siel, jou rus in sy beskerming, / Hy 't jou verlos en aan jou welgedaan.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 21 Maart 2010